Oordenking
24 Mei 2017

Hemelvaart Oordenking (2)

Die Hemelvaart van Jesus vier ons vergifnis deur Hom – maar ook sy oorwinning ter wille van ons.

Ons lees in Ps 110: 1: "*Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.*"

Die hemelvaart van die Here Jesus verkondig die finale, volledige oorwinning van Christus en verklaar dat Hy die Koning van die konings, die Here van die here en die Hoof van die Kerk is. Wie ook al weier om vandag nederig te buig voor Christus as enigste Redder, *nou terwyl genade en vergifnis nog vrylik beskikbaar is*, sal eendag moet kniel voor Hom, die Here, as die hoogste Regter en sal sonder vergifnis, ewig verlore wees.

Ons het 'n advokaat in die hemel. Hy luister na ons gebede.
Hy sal al sy vyande vernietig. Hy kom weer.

Die Hemelvaart van Jesus Christus troos elke gelowige te midde van hulle stryd en hulle lyding.
Veral die gelowiges wat vervolg word.
Maar die Bybel sê, "*terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely.*" Hebreërs 4:14.

Ons het 'n Verlosser in die hemel. Hy tree vir ons in by die Vader.
Hy kom weer. Hy sal elke mag wat Hom repudieer verslaan en elkeen wat sy hoë gesag ondermyn, oorwin.
"Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: 'Jesus Christus is Here!' tot eer van God die Vader." Filippense 2:9-11.

Mag die Here ons seën en beskerm en ons geloof staande laat bly deur ons vanjaar 'n geseënde Hemelvaart en kragtige Pinksterfees te skenk.